

## Woordeboeke, die wêreld en die werklike taal

Rufus H. Gouws  
Universiteit Stellenbosch  
[rhg@sun.ac.za](mailto:rhg@sun.ac.za)

### Inleidend

My opregte dank aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans vir die vriendelike uitnodiging om vanjaar se Christo van Rensburg gedenklesing te lewer. Dit is regtig vir my 'n eer en dit is 'n uitnodiging wat ek graag aanvaar het. Die eer lê enersyds in die geleentheid om aan hierdie universiteit 'n lesing te mag lewer en andersyds ook daarin om op hierdie manier met Christo van Rensburg verbind te word.

Ek het Christo van Rensburg in 1976 by 'n kongres van die destydse linguistevereniging leer ken en oor baie jare heen het my respek vir hom as taalkundige en my waardering vir hom as kollega, vriend en mede-Taalkommissielid toegeneem. Die manier waarop hy taalkunde bedryf het, sy benadering tot taalvariasie en sy siening van taalstandaardisering het 'n blywende indruk gelaat. Hy wou byvoorbeeld dat die Taalkommissie in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* erkenning moes gee aan die werklike taalgebruik. Standaardisering moes wegbeweeg van 'n sterk voorskriftelike benadering én eenvoudige taalgebruik moes dié bron vir sy teikengebruikers toeganklik maak.

Ook in die leksikografie het Christo 'n eie siening gehad wat teen die heersende werkswyse van woordeboeksamestelling ingedruis het. 'n Woordeboek moet volgens hom, soos in die leksikografie aanvaar word, gerig wees op die behoefte van spesifieke teikengebruikers en as 'n woordeboek volwasse moedertaalsprekers as teikengebruikers gehad het, was dit Christo se standpunt dat so 'n woordeboek nie hoëgebruiksfrekwensiewoorde moet bevat nie. 'n Moedertaalspreker soek volgens hom nie hulp in 'n woordeboek vir woorde soos *jy, ek, eet, hond, brood* en *potlood* nie. Elemente van die basiswoordeskat kan in skool-, aanleerder- en omvattende woordeboeke vergestalt word. Volwasse moedertaalsprekers raadpleeg 'n woordeboek vir hulp met laegebruiksfrekwensiewoorde. Ongelukkig is so 'n woordeboek nog nie saamgestel nie.

Ek praat vanaand graag oor woordeboeke. Ek is leksikografies partydig en ek glo aan woordeboeke en dat hulle oplossings vir baie probleme bied, maar helaas ook

baie probleme veroorsaak. As houer van veral taalkundige inligting is 'n woordeboek 'n praktiese gebruiksinstrument wat 'n bepaalde gebruikersgroep ter wille moet wees. Woordeboeke doen verslag van die werklike taalgebruik en ook van die wêreld en die kultuur- en wêreldbeeld van die gebruikers van 'n betrokke taal. Daarom moet woordeboeke voortdurend ten opsigte van inhoud en aanbieding aangepas word, maar ook ten opsigte van die medium waarin hulle 'n bepaalde taalgemeenskap dien.

### **Historiese oorsig**

Om oor eietydse woordeboeke en die hedendaagse metaleksikografie te kan praat, is dit belangrik om eers iets oor die ontwikkeling van sowel die praktiese as die teoretiese leksikografie te sê. Woordeboeke het as praktiese gebruiksinstrumente ontwikkel – vanaf die woordeboek op 'n kleitablet wat 3000 jaar gelede in Assirië saamgestel is en waarop Sumeriese tekens van Assiriese vertaalekwivalente voorsien is tot by hedendaagse aanlyn woordeboeke. Die samestelling van die eerste woordeboeke is gemotiveer deur die praktiese kommunikasiebehoeftes van die lede van die betrokke taalgemeenskap. Woordeboeke is toenemend in die breë terrein van onderwys en opvoedkunde gebruik. In die kerklike omgewing moes woordeboeke aan gebruikers toegang gee tot die geskrifte in Latyn, Hebreeus, Grieks en Arabies van die onderskeie godsdienste.

Tydens die Middeleeue is woordeboeke veral gebruik in kloosters en seminaria waar die intellektuele elite toegang tot hierdie houers van kennis gehad het. Die koms van die Renaissance het woordeboeke weer in die hand van die gewone taalgebruiker geplaas. 'n Tipiese voorbeeld hiervan was die Brit Robert Cawdrey se *Table Alphabeticall* (1604) waar die samesteller in die voorwoord sê dat dié woordeboek moeilike woorde met hulle verklarings bevat:

“gathered for the benefit and helpe of ladies, gentlewomen, or any other unskillfull persons.”

Die gerigtheid van woordeboeke op algemene gebruikers het daartoe gelei dat hierdie gebruikers die gesag van 'n woordeboek nie bevraagteken het nie.

Leksikograwe het hierdie ingesteldheid van die gebruikers maklik misbruik deur hulle eie en subjektiewe interpretasies van die betekenis van 'n woord as verklaring aan te bied of deur die woordeboek te gebruik om 'n bepaalde ideologiese standpunt te stel.

Met verloop van tyd het woordeboeke 'n baie sterk voorskriftelike benadering gevolg. Een van die vroeë wegbereiders hiervan was die Engelse leksikograaf Samuel Johnson. Hy was onthuts deur die gehalte van agtiende-eeuse Britse Engels en met 'n benadering van "fixing the language" het hy linguistiese gesag nagestreef en onderneem om in sy *A Dictionary of the English Language* (1755) linguistiese regstellende aksie uit te voer. In sy woordeboek het hy daardie vorm van taal wat hy as gepas beskou het, aangebied. Ook die gebruiksvoorbeelde in sy woordeboekartikels was sinate uit die werk van skrywers wat sy goedkeuring weggedra het. Hierdie preskriptiewe benadering het lank voortbestaan in woordeboeke en die taalgemeenskap het mettertyd die gesag van 'n woordeboek asook die voorskriftelike benadering aanvaar. Dit het veral gegeld t.o.v. die taalkundige inhoud van woordeboeke. Hierdie voorskriftelikheid is nie ver verwyder nie van die benadering van die vroeë generatiewe taalkundiges wat by monde van Chomsky (1965:3) gesê het dat linguistiese teorie veral gerig is op die ideale spreker-hoorder in 'n homogene taalgemeenskap wat hulle taal perfek ken. Leksikograwe wou in hulle woordeboeke ook die taal van die ideale spreker-hoorder weergee.

'n Wesenlike verandering het gekom met die publikasie van die *Webster's Third New International Dictionary of the English Language* in 1961, met Philp Gove as redakteur, waar daar van 'n preskriptiewe na 'n deskriptiewe benadering beweeg is. Gove se standpunt was dat 'n woordeboek die werklike gebruikstaal, ook veranderings in die standaardvariëteit, moet weergee. Dit was baie meer versoenbaar met die latere sosiolinguistiek as met die transformasioneel generatiewe grammatika. Dit het uiteindelik tot 'n ommekeer in die leksikografiepraktyk gelei wat verdere momentum gekry het met die toetrede van elektroniese korpora as basis vir die keuse van dit wat in 'n woordeboek opgeneem moet word. In korpusgebaseerde woordeboeke word daardie taalvorme opgeneem wat op grond van korpusdata en gebruiksfrekwensie daarvoor kwalifiseer. Die leksikograaf se subjektiewe keusekriteria speel 'n baie beperker rol.

Die preskriptiewe benadering sal altyd minstens ten dele aanwesig bly in die leksikografie want gewoon deur 'n woord in 'n bepaalde spellingvorm op te neem, doen die leksikograaf mee aan normering. Die deskriptiewe benadering het egter

genoeg veld gewen om daartoe te lei dat variante ook opgeneem word. Dit lei tot 'n uitgebreider vorm van standaardisering.

In aansluiting by die deskriptiewe benadering het die proskriptiewe benadering, ook op die voorgrond getree. Hiervolgens lig die leksikograaf die gebruiker steeds in oor verskillende vorme wat opgeteken is vanuit die werklike taalgebruik, maar dui ook aan of daar voorkeurforme is. Dit is, aldus Bergenholtz (2003:77), 'n geval van selektiewe beskrywing. Anders as in die geval van 'n suiwer deskriptiewe benadering waar alle moontlikhede gebied word, maak 'n proskriptiewe benadering, volgens spesifieke riglyne, 'n keuse van watter vorme in die woordeboek aangebied moet word met 'n aanduiding van die voorkeurvorm.

Die leksikografie is 'n tweebenige dier wat met een voet in die praktyk en een voet in die teorie staan. Die praktyk is veel ouer as die teorie – vroeë woordeboeke het in 'n preteoretiese milieu ontwikkel. Die toetrede van die leksikografieteorie, veral sedert die tweede helfte van die vorige eeu, was aanvanklik 'n inhaalpoging om dit wat oor eeue heen in die praktyk gebeur het te analiseer en te beskryf. Mettertyd het teorie en praktyk gelyk begin trek en algaande het die teorie die leiding begin neem en nuwe modelle en werksywyses vir die praktyk voorgestel. Die aanlyn era voltooi die ontwikkeling in die leksikografiepraktyk vanaf die kleitablet tot die rekenaartablet. Die aanlyn era het teoretiese leksikograwe onkant betrap – nuwe woordeboeke is saamgestel maar veral deur rekenaar- en inligtingwetenskaplikes wat oor die tegniese kundigheid beskik het, maar dikwels nie leksikografies en metaleksikografies genoegsaam onderleg was nie. Toe metaleksikograwe uit hulle gedruktewoordeboekslaap wakkerskrik, moes hulle weer eens 'n inhaalhandeling op dreef sit. In die onlangse verlede is daar in die teoretiese leksikografie baie aandag gegee aan moontlikhede wat die aanlyn omgewing bied en tans word 'n gesonde wisselwerking en samewerking tussen teorie en praktyk gehandhaaf.

### **Meer as net taal**

In sy weergawe van die werklike taalgebruik weerspieël 'n woordeboek ook iets van die wêreld van die betrokke taalgemeenskap. As houër van kennis is dit nie net kennis oor taal wat ter sprake kom nie, maar, na gelang van die woordeboeksoort, ook kennis van kultuur, ideologie, ensovoorts. Onder die dak van die objektiwiteitshuis van die leksikografie was en is woordeboeke nie altyd ewe

voorbeeldig nie. Woordeboeke laat blyk dikwels die persoonlike voorkeur of ideologie van hulle samestellers. Dit het daartoe gelei dat woordeboeke deur die keuse van woorde, maar veral ook deur die bewerking daarvan, uitsluitend en selfs kwetsend teenoor dele van hulle teikengebruikersgroep optree.

Kaplan (2020) formuleer 'n model vir wat hy 'n onpartydige woordeboek noem – 'n woordeboek wat geen ideologiese, godsdienstige en maatskaplike uitsluiting in die hand werk nie. In sy navorsing het hy na 'n verskeidenheid Britse en Amerikaanse woordeboeke gekyk wat 'n breë en algemene gebruikersgroep het, onder andere ook aanleerders van Engels. Hy het vasgestel dat die bewerking in al hierdie woordeboeke 'n mindere of meerdere mate van uitsluiting impliseer. Kaplan gee ook aandag aan gevalle wat dikwels oënskynlik nie kwetsend is nie omdat die gebruikers so gewoon is aan die betrokke woord of uitdrukking. Hy wys byvoorbeeld op die bewerking van 'n onskuldige uitdrukking soos “boys will be boys” wat daarop dui dat foute en gewontes wat mans maak, verskoonbaar is.

*Cambridge Advance Learners* verklaar dié uitdrukking as:

*“said to emphasize that people should not be surprised when boys or men act in a rough or noisy way because this is part of the male character”*

Vir vroue is daar nie so 'n vergoeliking nie want daar is geen uitdrukking soos “girls will be girls” nie. In die bewerking van “boys will be boys” behoort daar volgens Kaplan aangedui te word dat hierdie uitdrukking 'n stereotipe verteenwoordig met 'n onderliggende gendervooroordeel wat tot nadeel van vroue strek.

Kaplan breek ook 'n lansie vir ouer mense, soos ek, wat gereeld 'n senior oomblik ervaar deur krities te kyk na die hantering van die uitdrukking *a senior moment*. Ook hier dra woordeboeke by tot die bestendinging van 'n negatiewe stereotipe in 'n definisie soos Cambridge se:

*“an occasion when someone forgets something in a way that is thought to be typical of older people:”*

Eerder “stereotypical” met die gepaste etikettering, bv. “skertsend”

Woordeboeke word deur mense geskryf vir mense. Hulle het noodwendig 'n sterk antroposentriese gerigtheid. In hulle weergawe van die werklike taal moet leksikograwe ook vertrouwd wees met veranderinge in die werklikheids siening van die

taalgemeenskap vir wie die woordeboek saamgestel word. Alhoewel 'n olifant in 1900 en 2022 steeds dieselfde dier is, is daar wel veranderinge in die samelewing se siening van olifante – hulle is nie vandag primêr daar om ivoor te voorsien nie. In die betekensiverklaring kan daar steeds na die olifant se groot bokaaktande verwys word, sonder om te sê dit is waardevolle ivoortande; soos wat in ouer woordeboeke wel gesê is.

Daar is erge vorme van kwetsing weens ideologiese geladenheid of selfs net onsensitiwiteit van leksikograwe. Hierdie probleem strek veel verder as die woordeboeke waarna Kaplan verwys. Die tematiese afdeling van die Duitse uitgewer De Gruyter se leksikografiejaarboek *Lexicographica* wat later hierdie maand verskyn, fokus op uitsluiting in die leksikografie met voorbeelde van uitsluiting in 'n verskeidenheid tale en op verskillende gebiede soos, ras, gender, variasie en ideologie. Ook Afrikaans kan nie sy hande in leksikografiese onskuld was nie. Ouer uitgawes van bestaande woordeboeke, onder meer Deel V van die omvattende WAT (waarin die deeltrajek J-KJ behandel is), gaan mank aan objektiwiteit ten opsigte van ras. Gelukkig het Afrikaans reeds 'n ommekeer beleef wat tans tot 'n veel gebalanseerder en voorbeeldige leksikografiese aanbod lei.

In die beoordeling van die hantering van sensitiewe leksikale items moet gebruikers vertrouwd wees met die tipologie van 'n bepaalde woordeboek. Daar moet duidelik onderskei word tussen wat aanvaarbaar is in skool-, aanleerder- en standaardwoordeboeke teenoor 'n omvattende woordeboek soos die WAT. Die tipologiese aard van die WAT vra om omvattendheid in die keuse van leksikale items, in die datatipes wat aangebied word asook in die bewerking. Dit sou leksikografies kortsigtig en onaanvaarbaar wees vir 'n woordeboek soos die WAT om nie sensitiewe woorde op te neem nie. Die manier waarop hulle bewerk word, is egter van belang. As deel van die informatiewe benadering van 'n omvattende woordeboek moet die leksikon in sy wydste omvang opgeneem word.

Gebruiksbeperkinge van 'n woord moet eksplisiet aangedui word, byvoorbeeld deur aanduiders wat die woord aan die buitewoordeboekwêreld veranker. Dit word veral gedoen deur etikette wat onder meer stilistiese en chronolektiese afwykings van die verstekwaarde van die woordeboek moet aantoon – 'n vorm van leksikografiese deiksis.

## Tweetalige woordeboeke

Met die inagneming van werklike taal sowel as die buitetalige werklikheid is Afrikaanse woordeboeke instrumente van én uitsluiting én insluiting. Nogmaals vind ons in die Afrikaanse leksikografiese verlede en, by name, in tweetalige woordeboeke met Afrikaans as lid van die behandelde taalpaar, dit wat goed is en dit wat sleg is. Die eerste Afrikaanse woordeboek, Antoine Changuion, Nederlandse dosent in Kaapstad, se *Proeve van Kaapsch Taaleigen* (1844), het 'n beduidende rol gespeel in die dokumentasie van vroeë Afrikaans, maar die insluiting van Afrikaans in hierdie woordeboek was eintlik gerig op die uitsluiting van Afrikaans. Hierdie woordeboek was 'n bylaag in Changuion se boek *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld*, en die werklike doel van die woordeboek was om Nederduitsch, die taal van die Kolonie, te suiwer van die volgens hom “deels geheel vreemde, deels verminkte woorden en spreekwijzen.” In sy bewerking van die Afrikaanse lemmata volg hy 'n sterk preskriptiewe benadering wat eerder die korrekte Nederlands aan die orde wou stel en die taalgebruik wat hy aan die Kaap aangetref het, wou verander – nogmaals, Samuel Johnson se “fixing the language”.

Veertig jaar later sien Nicolas Mansvelt, Nederlandse dosent in Stellenbosch, ook hierdie veranderde taalgebruik raak. Anders as Changuion wil hy nie Nederlands van hierdie vervorming suiwer nie. Sy woordeboek *Proeve van een Kaapsch-Hollands Idioticon* (1884), gee erkenning aan Afrikaans as meer as net 'n dialek van Nederlands wat hy nie net in sy woordeboek insluit nie maar wat hy as taal wil bestendig. Die werklike taal vind erkenning in die woordeboek.

Die werklikheid wat in woordeboeke weerspieël word, sluit meer as net die taalwerklikheid in. Die eerste beduidende tweetalige woordeboek met Afrikaans en Engels as taalpaar was die *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary* waarvan die twee dele, Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaans, in 1902 en 1904 verskyn . Met sy ongeveer 16500 lemmata bied hierdie woordeboek eerstens 'n belangrike optekening van die Afrikaanse leksikon. Die bydrae van hierdie woordeboek oorskry egter die leksikografiese grense. Die woordeboek verskyn kort na afloop van die Anglo-Boereoorlog met die oorlog en die verskroeiende-aarde-beleid nog vars en pynlik in die geheue. In die woordeboek se voorwoord stel die anonieme redakteur, SJ du Toit, die hoofdoel van die woordeboek as:

“En dis ons hoofdoel: om samewerking te beforder tussen ... Afrikaners en Engelse, in ons land: want daartoe is onmisbaar dat hulle wederkerig mekaars tale in sofêr ken dat hulle mekaar kan ferstaan (onbekendhuid met mekaars tale is 'n grote bron fan misferstand en wangefoel).“

Hier ken die leksikograaf aan die woordeboek sowel 'n linguistiese as 'n maatskaplike oorbruggingsfunksie toe.

Die siening oor die verhouding tussen Afrikaans en Engels van 1902/1904 het metterjare verander, ook in die leksikografie, na gelang van veranderende politieke en taalpolitieke sienings. Die werk aan die WAT begin formeel na 'n kontrak op 25 Maart 1926 gesluit is waarvolgens 'n verklarende woordeboek van die omvang van die Nederlandse Van Dale binne drie jaar voltooi sou wees. Daardie drie jaar is vandag nog nie verby nie, en die WAT lyk tans al heelwat anders as Van Dale. Die wete dat 'n verklarende woordeboek aan die kom was, het die behoefte aan die saamstel van ander verklarende woordeboeke op die agtergrond geskuif. Tweektalige woordeboeke met Afrikaans en Engels was van groter belang. Die taalpolitieke omgewing en die behoefte daaraan om te wys dat Afrikaans, 'n nuwe amptelike taal van Suid-Afrika, nie leksikaal ondergeskik te stel is aan Engels nie, het gelei tot 'n heksejag op Anglisismes en ander woordvorme met 'n Britse klankie. Die werklike taal is ondergeskik gestel aan 'n vorm van Afrikaans wat ontgaan is van Engelse invloed. Tweektalige woordeboeke het aan hierdie purisme meegedoen en in Bosman en Van der Merwe se *Tweektalige woordeboek* (1931) is woorde soos *moedervlek* en *boekléer* aangebied - en nie die gebruikelike leenvertalings *geboortemerk* en *boekmerk* nie. Formele en soms onnatuurlike Neerlandismes het hoëgebruiksfrekwensiewoorde verdring. Tot in die 1984-uitgawe van hierdie woordeboek is vorme behou soos: *afhandig maak* (steel, wegrokkel) en *dit teen iemand aflê* (die slegste daarvan afkom). Na die 1984-uitgawe is daar formeel begin met 'n poging om hierdie woordeboek van sy Neerlandismes te kuis sodat natuurlike Afrikaans, die taal van die teikengebruiker, weerspieël kon word.

Nederlands en Afrikaans het wel as volwaardige taalpaar mekaar leksikografies gevind in ANNA, dit is die *Groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*. Hierdie woordeboek, saamgestel in opdrag van die Nederlandse stigting ZASM, moes sprekers van albei die behandelde tale help om die ander taal te verstaan en daarin te kommunikeer. Dit sou aanvanklik 'n tradisionele tweektalige woordeboek wees.



Daar is steeds baie ooreenkomste tussen Nederlands en Afrikaans wat in baie gevalle tot identiese artikels in albei afdelings van die woordeboek sou lei, byvoorbeeld: *tafel* – *tafel* en *tafel* - *tafel*. Gevolglik is daar besluit op 'n enkele alfabetiese makrostruktuur waaruit dit duidelik blyk of 'n bepaalde woord uit Afrikaans, Nederlands of albei tale kom. In die bewerking is die klem geplaas op ooreenkomste en, veral, verskille in die gebruik van die woord en sy kollokasies. Uit die artikel van *tafel* sien die gebruiker dat dieselfde vorm in albei tale voorkom en dat jy in Afrikaans 'n *tafel bespreek* maar dit in Nederlands *reserveer*, dat jy in Afrikaans 'n *tafel afdek*, maar in Nederlands dit *afruim*, maar dat jy in albei tale 'n *voorstel ter tafel bring* en *van tafel en bed geskei kan wees*.

Hier bied die woordeboek nie net 'n bewerking van die twee tale nie, maar dit wys hoe Changuion se vrees vir die verminking van Nederlands ongegrond was: 'n wesentliche deel van 17de-eeuse Nederlands leef in Afrikaans voort en toon steeds talle ooreenkomste met hedendaagse Standaardnederlands. Maar Mansveld se siening dat 'n nuwe taal aan 't ontwikkel was, word eweneens bevestig deur die talle verskille in woordeskat en gebruik tussen die twee tale. Nogmaals weerspieël 'n woordeboek iets van die ontwikkeling en stand van die werklike taalgebruik.

### **Lede van 'n taalpaar**

Gallardo (1980) het aangetoon dat tweetalige woordeboeke gewoonlik die eerste leksikografiese produkte van 'n ontwikkelende taal is. In so 'n woordeboek word die taal gekoördineer met 'n gevestigde taal – dit het ook in Afrikaans gebeur met tweetalige woordeboeke met Nederlands en later Engels as ander lid van die taalpaar. Eers wanneer 'n taal gestandaardiseer is, aldus Gallardo, word verklarende woordeboeke saamgestel. Tans is Afrikaans 'n gestandaardiseerde taal met 'n wye tipologiese woordeboekversameling. Afrikaans speel ook 'n ankerrol in die daarstelling van tweetalige woordeboeke met 'n taal wat swakker daaraan toe is as ander lid van die taalpaar.

Ju|'hoansi is 'n bedreigde taal wat deel is van die San-taalfamilie. Tans het dit ongeveer 11000 sprekers in Namibië en Botswana. In 2014 is die *Ju|'hoan Kinderprentewoordeboek* (Jones et al. 2014) saamgestel. Dit is 'n drietalige eenrigtingwoordeboek met Ju|'hoansi, Afrikaans en Engels as behandelde tale maar daar is ook alfabetiese registers met 'n bewerking vanaf Afrikaans na Ju|'hoansi en Engels en vanaf Engels na Ju|'hoansi en Afrikaans. Die

teikengebruikers van hierdie woordeboek is dikwels redelik vertrouwd met Afrikaans en/of Engels en die toegangstruktuur van die woordeboek maak dit vir hulle ook moontlik om via hierdie tale by die tersaaklike Ju|'hoansi woord uit te kom. Hierdie woordeboek bevat nie die volle woordeskat van enige van die drie tale nie. Dit fokus op daardie woorde wat saamhang met die Ju|'hoan-sprekers se kultuur en daaglikse lewenswerklikheid. Deur die woorde in verskillende temas te orden, te wete DIERE, VOËLS, INSEKTE, REPTIELE EN GOGGAS, TUISTE EN DIE GESIN, JAG, VERSAMEL en DANS vergestalt die woordeboek sy mense se werklikheidsiening. Die beperkte bewerking in elke artikel sluit 'n skets in wat deur lede van die Ju|'hoan gemeenskap gemaak is. Die vertrekpunt van hierdie woordeboek is "Hou jou mense, jou taal en jou kultuur na aan mekaar". Dit is regtig hulle woordeboek. Dit gaan nie net om hulle woorde nie maar ook hulle wêreld.

### **Woordeboek en kultuur**

Woordeboeke is nie net op taal gerig nie maar ook op die onderliggende kultuur. Die wêreld buite die woordeboek moet in die woordeboek neerslag vind.

In die bewerking van kultuurgebonde woorde, is dit moeilik vir die leksikograaf om die data-aanbod in woordeboekartikels met 'n verpligte mikrostruktuur voldoende uit te brei om die kulturele data weer te gee. Die dataverspreidingstruktuur moet dus daarvoor voorsiening maak dat hierdie soort data in 'n buitetekst aangebied kan word. In die derde deel van die *Greater dictionary of Xhosa* word hierdie benadering voortreflik toegepas. Tipologies is dit 'n drietalige woordeboek (Xhosa-Engels-Afrikaans) met 'n eentalige dimensie, d.w.s. die woordeboek bevat tipiese kenmerke van 'n eentalige woordeboek, soos 'n volledige betekenisparafrase. Xhosa is die brontaal en Engels en Afrikaans die doeltaal. In die voorwoord word die wens uitgespreek dat hierdie woordeboek sal bydra tot die proses om groter begrip en aanvaarding tussen die volkere van Suidelike Afrika te bewerkstellig – nogmaals 'n nietradisionele woordeboekopdrag waar die woordeboek nie net 'n brug tussen verskillende tale is nie, maar ook tussen verskillende taalgemeenskappe. Dit gaan nogmaals om meer as net die taal – die opstellers sê pertinent hulle het daarin geslaag om "veel van die hartklop en gevoel van die Xhosa-wêreld vas te vang." Hulle werk wil nie net 'n koue uiteensetting gee nie, maar wil "die siel van die Xhosa weergee." In die artikeltrajekte van die sentrale teks is talle woorde wat eie is aan die Xhosakultuur. Daar kry hulle die verstekbewing, maar met kruisverwysings na

addenda wat in die agtertekste-afdeling verskyn met bykomende inligting oor “die gelowe, legendes, folklore, sosiale en religieuse praktyk en algemene lewensinrigting van die Xhosa.” Aspekte van die wêreld buite die woordeboek word in die woordeboek bespreek. Onderwerpe wat hier behandel word, sluit in die tokkelos, besnydenis, ontvoering van ’n meisie, die brou van Xhosa-bier, die eet van die rituele vleis, ’n meisie se puberteitsritus en die offerritus van die abbavel.

In ’n volwaardige aanlyn woordeboek sou ’n gebruiker probleemloos kon beweeg tussen ’n woordeboekartikel in die sentrale teks en die aanvullende inligting in ’n buitetekst. Dit is een van die aspekte van die aanlyn omgewing waaraan Suid-Afrikaanse leksikograwe baie meer aandag behoort te gee.

## Die aanlyn omgewing

Gedrukte woordeboeke het ’n statiese struktuur; ook ’n statiese artikelstruktuur.

Aanlyn woordeboeke het ’n dinamiese en dikwels veelvlakkige artikelstruktuur waar woordeboekgebruikers ’n kitstoegang kan kry tot die spesifieke data waarna hulle op soek is. In die Duitse *elexiko* lei ’n soektog na die bewerking van die woord *Hand* tot die volgende skermskoot:

The screenshot shows the elexiko online dictionary interface. At the top, there is a search bar with 'OWID' and 'IDS' logos. The main content area is titled 'Hand' and is divided into sections: 'Lesartenübergreifende Angaben' (Orthografie, Wortbildung, Herkunft und Wandel, Wortbildungsprodukte) and 'Lesartenbezogene Angaben' (Lesart 'Teil des Arms', 'Person(engruppe)', 'regelwidriges Spiel'). A sidebar on the left lists various categories, and a sidebar on the right lists navigation options like 'Startseite', 'Wortartikel', 'Projekt', etc.

Fig. 1

In die regterkantste kolom is ander bronne in die IDS se woordeboekportaal. In hierdie woordeboek kan die volle bewerking van ’n woord nie in een skermskoot gesien word nie. Die omvattende artikel bestaan uit verskillende beperkte artikels wat elk as ’n afsonderlike skermskoot geraadpleeg kan word.

Elke polisemiese waarde van die woord word in 'n afsonderlike teksblok, 'n semantiese subkommentaar, aangebied. Die kern van die betrokke betekenisonderskeiding word as kop van die teksblok aangebied: "Teil des Arms". As die soektog slegs op aspekte van daardie betekenisonderskeiding van die woord gerig is, lei 'n muisklik op "weiter" (=verder) die gebruiker na die volgende skerm skoot:

The screenshot shows the elexiko website interface. At the top right is the 'IDS' logo. The main header includes the word 'Hand' with a speaker icon and the note 'Lesart: 'Teil des Arms''. Below this, there are links for 'zur Übersichtsseite' and 'Lesarten im Überblick'. A navigation menu on the right lists various resources like 'elexiko', 'Wortartikel', 'Projekt', 'Benutzungshinweise', 'Glossar', 'Erweiterte Suche', 'Paronymwörterbuch', 'Sprichwörterbuch', 'Kommunikationsverben', 'Verlaufsformen', 'Fremdwörterbuch', 'Neologismenwörterbuch', 'Demokratiediskurs 1918-25', 'Schulddiskurs 1945-55', 'Protestdiskurs 1967/68', 'Schlüsselwörter 1989/90', 'OBELEX meta', 'OBELEX dict', and 'Korpussuche'. The main content area has tabs for 'Bedeutungserläuterung', 'Kollokationen', 'Konstruktionen', 'Sinnverwandte Wörter', 'Gebrauchsbesonderheiten', and 'Grammatik'. The 'Bedeutungserläuterung' tab is selected, showing the title 'Erläuterung der Bedeutung / Funktion' and a definition: 'Mit Hand bezeichnet man beim Menschen oder Affen den unteren Teil des Arms, an dem sich die Finger befinden und der dazu dient, Gegenstände zu ergreifen oder festzuhalten.' Below the definition are links for 'Belege anzeigen' and 'Illustrationen anzeigen'. A section titled 'Sachinformationen' provides further context, mentioning 'Wissen Digital' and 'Planet Wissen'. At the bottom, it indicates 'Wortklasse: Partitivum'.

Fig. 2

Dit bevat 'n beperkte artikel wat slegs gerig is op die bewerking van een betekenisonderskeiding van die woord *Hand*. Dit sluit data-identifiserende merkers in wat die gebruiker na verdere data lei: kollokasies, verwante woorde, grammatika. Al hierdie data hou verband met die woord se optrede in die een polisemiese waarde:

The screenshot shows a web interface for a dictionary entry. At the top right is the 'IDS' logo. The main heading is 'Hand' with a speaker icon and the note 'Lesart: 'Teil des Arms''. Below this, there are links for 'zur Übersichtsseite', 'Lesarten im Überblick', and 'Abkürzung: Hd.'. There are also links for 'Kommentar anzeigen' and 'Belege anzeigen'. A horizontal menu below the main content includes 'Bedeutungs-erläuterung', 'Kollo-kationen', 'Konstruk-tionen', 'Sinnverwandte Wörter', 'Gebrauchs-besonderheiten', and 'Grammatik'. The 'Grammatik' tab is active, showing a table with the following information:

Grammatik	
Wortart:	Nomen (Femininum)
Nominativ Singular:	(die/eine) Hand
Genitiv Singular:	(der/einer) Hand
Nominativ Plural:	(die) Hände

At the bottom of the main content area is a 'Drucken' button. On the right side, there is a sidebar with a home icon and a list of resources: 'ellexiko', 'Startseite', 'Wortartikel', 'Projekt', 'Benutzungshinweise', 'Glossar', 'Erweiterte Suche', 'Paronymwörterbuch', 'Sprichwörterbuch', 'Kommunikationsverben', 'Verlaufsformen', 'Fremdwörterbuch', 'Neologismenwörterbuch', 'Demokratiediskurs 1918–25', 'Schulldiskurs 1945–55', 'Protestdiskurs 1967/68', 'Schlüsselwörter 1989/90', and 'ORFI FX meta'.

Fig 3.

In die beplanning van 'n woordeboek moet die leksikograaf die teikengebruikersgroep en hulle leksikografiese behoeftes vooraf identifiseer. Daarvolgens word op 'n bepaalde woordeboeksoort besluit. Op grond van 'n antwoord op die vraag: wat wil ek hê, moet die gebruiker met die woordeboek kan doen, besluit die leksikograaf wat die leksikografiese funksies van 'n bepaalde woordeboek is, byvoorbeeld die kommunikatiewe funksies teksbegrip, teksproduksie, vertaling of die kognitiewe funksie – 'n behoefte aan bykomende inligting oor die taal en ook buitetalige aspekte. Dan volg die besluit oor watter data in die woordeboek opgeneem word en daarna watter woordeboekstrukture gebruik moet word om die data te huisves en aan die gebruiker 'n kitstoegang daartoe te gee. In die bewerking van kultuurgebonde woorde sou die leksikograaf die kommunikatiewe funksie wat in die verstekartikelaanbod geld, kon aanvul met kognitiewe data wat as 'n afsonderlike skermkoot die artikel uitbrei. Die soort data wat in die Xhosawoordeboek se buitetekst aangebied word, sou in die omvattende woordeboekartikel van 'n aanlyn woordboek geïntegreer kon word as 'n bykomende beperkte artikel om vir die gebruiker dit wat bymekaar hoort, bymekaar te bring. Daar is in aanlyn woordeboeke dikwels die vryheid om in 'n woordeboekportaal rond te beweeg, byvoorbeeld in Pearson se Longman HAT:

**PEARSON** ALWAYS LEARNING

**LONGMAN-HAT** Much more than a dictionary

Home English Afrikaans

rekenaar Search

Current search: **rekenaar** | Results: **196** (first **10** shown)

**Select Dictionaries**

- Image Library
- Longman-HAT School Dictionary / Skoolwoordeboek
- HAT Afrikaanse skoolwoordeboek
- Longman English School Dictionary
- Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT6)
- Longman Dictionary of Contemporary English
- Business English Dictionary
- HAT Taalgids
- HAT Feitegids
- Afrikaans Sonder Grens
- Glossaries

Apply Select all Select none

**Longman-HAT School Dictionary / Skoolwoordeboek**

**rekenaar** noun [-s]  
[MACHINE THAT STORES INFORMATION] ► computer

**HAT Afrikaanse skoolwoordeboek**

**re-ke-naar** s.nw. [-s; ~tjie] 'n elektroniese masjien waarin inligting (teks, dokumente, foto's, ens.) bewaar word en wat programme gebruik om jou dit te help vind/organiseer/verwerk: *Almal behoort te leer hoe om 'n rekenaar te gebruik.*

► **re-ke-naar-pro-gram** s.nw. [-me; ~metjie] 'n program wat in 'n rekenaar geïnstalleer word om jou inligting te help vind/organiseer/verwerk: *Die*

**Related Words**

Fig. 4

En ook in die Duitse *Dict.cc* waar verkillende tweetalige woordeboeke gekies kan word:

EN SV IS RU RO FR IT SK NL PT HU FI ES LA BG HR NO CS DA TR PL EO SR EL SQ BS | FR SK IS ES HU NL PL RU NO SV SQ FI IT DA CS PT RO HR BG EO LA B

Advertisement

**news24** Trusted News. First TRY FREE FOR 14 DAYS

Start free trial

Cancel any time. If you choose not to cancel you will continue for R75/m. T&Cs apply.

**news24** Trusted News. First TRY FREE FOR 14 DAYS

Start free trial

Cancel any time. If you choose not to cancel you will continue for R75/m. T&Cs apply.

**dict.cc** English-German Dictionary

English-German translation for: TISCH

TISCH Search X a0üß...

DE <> EN ▾ Options | Tips | FAQ | Abbreviations

Home | About/Extras | Vocab Trainer | Subjects | Users | Forum | Contribute! Login | Sign Up

A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L | M | N | O | P | Q | R | S | T | U | V | W | X | Y | Z German: T

Dictionary English ← German **TISCH** Translation 1 - 60 of 166 >>

English	German	edit
-	<b>NOUN</b> der Tisch   die Tische SYNO Tafel   Tisch	
table {adj} [attr.] [e.g. decoration, linen, football]	<b>Tisch-</b> 498	
desk {adj} [attr.] [e.g. calendar, phone, telephone]	<b>Tisch-</b> [Schreibtisch-] [z. B. Kalender, Telefon, Apparat] 8	
desktop {adj} [attr.] [e.g. device, printer, flag]	<b>Tisch-</b> [Schreibtisch-] [z. B. Gerät, Drucker, Wimpel]	

**Nouns**

English	furn.	German	count
table	furn.	<b>Tisch</b> {m}	2911
desk	furn.	<b>Tisch</b> {m}	213
board [table, esp. for serving food]	furn.	<b>Tisch</b> {m}	67
bench	furn.	<b>Tisch</b> {m} [Arbeits-, Schreibtisch]	41
desk	furn.	<b>Tisch</b> {m} [Arbeits-, Schreibtisch]	38
stage	optics	<b>Tisch</b> {m} [Mikroskop]	11
table	med.	<b>Tisch</b> {m} [ugs.] [Operationstisch]	10
platen	print	<b>Tisch</b> {m}	8
bed	tech.	<b>Tisch</b> {m} [Produktionstechnik]	6

**2 Words: Others**

English	German
at the table {adv}	am <b>Tisch</b>
at table {adv}	bei <b>Tisch</b>
during dinner {adv}	bei <b>Tisch</b>

**2 Words: Nouns**

English	furn.	German
trestle table	furn.	aufgebockter <b>Tisch</b> {m}
(extending) leaf table	furn.	ausziehbarer <b>Tisch</b> {m}

**TISCH in other languages:**

- Deutsch - Albanisch
- Deutsch - Bosnisch
- Deutsch - Bulgarisch
- Deutsch - Dänisch
- Deutsch - Englisch**
- Deutsch - Esperanto
- Deutsch - Finnisch
- Deutsch - Französisch
- Deutsch - Griechisch
- Deutsch - Isländisch
- Deutsch - Italienisch
- Deutsch - Kroatisch
- Deutsch - Niederländisch
- Deutsch - Latein
- Deutsch - Niederländisch
- Deutsch - Norwegisch
- Deutsch - Polnisch
- Deutsch - Portugiesisch
- Deutsch - Rumänisch
- Deutsch - Russisch
- Deutsch - Schwedisch
- Deutsch - Serbisch
- Deutsch - Slowakisch
- Deutsch - Spanisch
- Deutsch - Tschechisch
- Deutsch - Türkisch
- Deutsch - Ungarisch

Fig. 5

Die gebruiker het ook die keuse om verder as die woordeboek as soekstreek en die woordeboekportaal as soekdomein te soek en die soekheelal te betree. *Dict.cc* bied ook die geleentheid om vanuit 'n woordeboekartikel na die bewerking van daardie woord in Google te beweeg:

English	German
-	NOUN der Tisch   die Tische SYNO Tafel   Tisch
table {adj} [attr.] [e.g. decoration, linen, football]	<b>Tisch-</b> 498
desk {adj} [attr.] [e.g. calendar, phone, telephone]	<b>Tisch-</b> [Schreibtisch-] [z. B. Kalender, Telefon, Apparat] 8
desktop {adj} [attr.] [e.g. device, printer, flag]	<b>Tisch-</b> [Schreibtisch-] [z. B. Gerät, Drucker, Wimpel]
<b>Nouns</b>	
table	furn. <b>Tisch</b> {m} 2911
desk	furn. <b>Tisch</b> {m} 213
board [table, esp. for serving food]	furn. <b>Tisch</b> {m} 67
bench	furn. <b>Tisch</b> {m} [Arbeitsstisch, Maschinentisch] 41
	furn. <b>Tisch</b> {m} [Arbeits-, Schreibtisch] 38
	optics <b>Tisch</b> {m} [Mikroskop] 11
	med. <b>Tisch</b> {m} [ugs.] [Operationstisch] 10
	print <b>Tisch</b> {m} 8
	tech. <b>Tisch</b> {m} [Produktionstechnik] 6
	am <b>Tisch</b>
	bei <b>Tisch</b>
	bei <b>Tisch</b>
	furn. aufgebockter <b>Tisch</b> {m}
	furn. ausziehbarer <b>Tisch</b> {m}
	MedTech. Bucky- <b>Tisch</b> {m}
	furn. eichener <b>Tisch</b> {m}
	furn. eichener <b>Tisch</b> {m}
	furn. fahrbarer <b>Tisch</b> {m}
empty table [unoccupied table at a restaurant, etc.]	freier <b>Tisch</b> {m} [im Restaurant etc.]
gateleg table	Gateleg- <b>Tisch</b> {m} [Klappstisch, <b>Tisch</b> mit klappbaren Tischseiten]
table ready laid	gedeckter <b>Tisch</b> {m}
well-laid table	gedeckter <b>Tisch</b> {m}

Fig. 6

Ook die ANW, die *Algemeen Nederlands Woordenboek*, bied die keuse om Google te raadpleeg:

Zoeken Neologismen Help Informatie ▾ /instituut vo

# koe

**Per betekenis:**

- 1.0 : volwassen vrouwelijk rund**
- 1.1 : rund
- 1.2 : geslachte koe
- 1.3 : afbeelding van een koe
- 2.0 : wijfe van een ander dier**
- 3.0 : vrouw
- 4.0 : iets heel groots

**Per onderwerp:**


**Toon het hele artikel**

- Semagrammen
- Woordfamilie
- Woordrelaties
- Woordvorming
- Spreekwoorden
- Combinatiemogelijkheden
- Vaste verbindingen
- Voorbeelden

**Zoek ' koe ' ook in:**

- INT-woordenboeken [↗](#)
- CHN (login nodig) [↗](#)
- Wiktionary [↗](#)
- Wikipedia [↗](#)
- Google [↗](#)

## koe 1.0



( Publiek domein )

volwassen vrouwelijk rund, dat op boerderijen wordt gehouden voor de productie van melk en vlees; ook, vooral wanneer er sprake is van een hoeveelheid of kudde, voor de gehele diersoort, zonder gedachte aan een bepaalde leeftijd of een bepaald geslacht: rund

[▶ Geluid \[↗\]\(#\)](#)

Semagram

Een koe...

is een rund; is een zoogdier; is een dier

**[Afmeting]** heeft een schofthoogte van ongeveer 1,4 m

**[Geluid]** loeit; maakt een loeiend geluid dat we nabootsen met een laag, langgerekt 'boe'

**[Attribuut]** heeft vaak een oormerk

[+ Meer kenmerken](#)

**Wetenschappelijke naam:** *Bos taurus*

[+ Toon details](#)

### Algemene voorbeelden

Tussen de koeien stond hij hulpeloos naar zichzelf in het water te kijken.  
— *Liefdesgesprekken van pad tot reiger*, Geert De Kockere, 2000

**Woordsoort**

**Type**

**Naamtype**

**Geslacht**

**Lidwoord**

**Betekenis**

**Spelling en**

**Enkelvoud**

**Meervoud**

**Verkleinvorm**

**Woordrekening**

**Hyperonier**

**Antoniem**

Fig 7.

'n Inligtingsonttrekkingsmoontlikheid wat die gebruiker beperk tot die woordeboek of die woordeboekportaal val binne die bestek van 'n normale dataverspreidingstruktuur – die spesifieke data waartoe 'n leksikograaf vir die gebruikers van die spesifieke woordeboek toegang verleen. Volgens insig uit die veld van inligtings- en rekenaarwetenskap word 'n tradisionele datastootmodel hier gehandhaaf – die sender, in hierdie geval die leksikograaf, besluit watter data tot beskikking van die gebruiker gestel moet word. Die keuse van die gebruikers is beperk tot dit wat die leksikograaf tot hulle beskikking stel. Waar die seekstruktuur van 'n woordeboek dit vir die gebruiker moontlik maak om die woordeboekartikel as vertrekpunt te gebruik en in hulle seekproses die grense van die woordeboek en woordeboekportaal te oorskry, byvoorbeeld om toegang tot die internet te kry, word 'n datatrekmodel benut waar die gebruiker, die ontvanger, die datakeuse maak en nie die sender nie. Die woordeboek bied steeds 'n weergawe van werklike taalgebruik maar maak dit vir die gebruiker moontlik om ook by ander vorme van taalgebruik, kennis en die wêreld buite die woordeboek uit te kom.

## Toegang to nuwe data



Taal is dinamies en aan voortdurende verandering onderhewig en gebruikers moet toegang tot dié taal verkry. Hierdie dinamika geld ook die leksikon met lekskale items wat nuut tot die leksikon toetree, ander wat verdwyn en nóg ander wat tussen die kern- en randwoordeskat beweeg. Ontwikkelinge in die buitetalige werklikheid lei tot aanpassings in die taal – want daar moet woorde wees om die betekenis van 'n nuwe konsep of saak te verwoord. Die leksikalisering van betekenis kan op verskillende maniere die leksikon verryk, onder meer deur die skep van nuwe samestellings, deur die uitbreiding van 'n woord se polisemiese paradigma en deur die skep van 'n nuwe woord.

Die Skandinawiese skrywer Henning Mankell sê in een van sy boeke dat die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog so onuitspreeklik erg was dat geen woord bereid was om daardie betekenis te dra nie. Helaas het woorde nie sommer daardie keuse nie en taalgebruikers span hulle in om aan 'n bepaalde betekenis 'n landingsplek in die leksikon van 'n taal te gee – en daardie woorde moet in woordeboeke opgeneem word.

Veranderinge in die buitetalige werklikheid lei tot veranderinge in die taal. Volgens die Sapir-Whorff-hipotese weerspieël taal die werklikheidsiensing van die gebruikers van daardie taal. Dit wat die taalgemeenskap ervaar, moet gekommunikeer kan word. Dit is interessant om te sien watter invloed ingrypende wêreldgebeure op die taal gehad het – en hoe woordeboeke daarop reageer. Kyk maar na 'n verskynsel soos beurtkrag en die woordveld wat daar rondom gevorm is. Waarskynlik die ingrypendste gebeure van die afgelope jare was die covidpandemie. Internasionaal het nie net die pandemie nie, maar ook nuwe woorde veld gewen. En die leksikografie het meegedoen.

In die leksikografie is daar gevestigde benaderings tot die opname al dan nie van neologismes. Woordeboeke moet nie eendagsvlieë opneem nie en daarom is gebruiksfrekwensie met optekeninge uit verskillende geografiese gebiede van die taalgemeenskap en oor 'n bepaalde verloop van tyd heen, bepalend in die opnamebeleid. Gevolglik het min woorde in hulle optrede as neologismes die woordeboekpaal gehaal. Wanneer 'n nuwer woord wel kwalifiseer vir optekening is dit gewoonlik nie as neologisme geëtiketteer nie want teen die tyd wat die gedrukte woordeboek verskyn, is die woord reeds gevestig in die leksikon van die taal.

Die covidpandemie het tot 'n ontploffing van nuwe woorde en uitdrukings gelei en dit het dwarsdeur die wêreld en die tale van die wêreld gegeld. Covidterminologie was internasionaal 'n bindmiddel tussen sprekers van verskillende tale. Lawson (2020) sê:

“Coronavirus has led to an explosion of new words and phrases, both in English and in other languages. This new vocabulary helps us make sense of the changes that have suddenly become part of our everyday lives.

In times of significant social or civic change, linguistic creativity not only reflects the major preoccupations of the time, but also shows how people gather to talk about new challenges and contexts. As coronavirus rages on, understanding the language surrounding it will be ever more important.”

Klosa en Kernermann (2022) bevat 'n verskeidenheid opstelle wat handel oor verskillende tale se leksikografiese hantering van coronaneologismes. Hieruit is dit duidelik dat die pandemie leksikograwe gedwing het om op 'n nuwe manier met neologismes om te gaan en die aanlyn omgewing kon hier veel beter vaar as gedrukte woordeboeke. Leksikograwe van aanlyn woordeboeke het die gebruikelike embargo op 'n kitsopname van neologismes in die ban gedoen en onmiddellik, hetsy in algemene woordeboeke, hetsy in spesiale neologismebylae, 'n opname en bewerking van coronawoorde gebied. Die woordeboek het sy vingers op die pols van die wêreld buite die woordeboek gehad en kon die taalgemeenskap ingelig hou.

Afrikaans trek hier ongelukkig aan die kortste end omdat ons aanlyn woordeboeke nog nie naastenby gesofistikeerd genoeg is nie. Afrikaans se aanlyn woordeboeke is meestal digitale weergawes van gedrukte woordeboeke wat nie genoegsaam vir die vinnige daarstelling van nuwe data voorsiening maak nie en ook nie oor die strukture beskik wat dinamiese woordeboekartikels moontlik maak nie. Die beperkte mate waarin Afrikaanse woordeboeke vinnig op coronaneologismes kon reageer, wys dat daar baie werk wag om gedoen te word. Afrikaans het 'n volwaardige aanlyn woordeboek nodig. Daarsonder is 'n vinnige en bevredigende leksikografiese daarstelling van woorde, die veranderende werklike taal en die wêreld- en werklikheidsiensing van sy taalgemeenskap nie moontlik nie.

Oor agt jaar is die WAT voltooi; dan is 104 van die beraamde 3 jaar verby. Hopelik kan die WAT daarna nie net die opdatering van die bestaande dele onderneem nie

maar ook deur 'n volwaardige aanlyn aanbod die Afrikaanse taalgemeenskap nog beter ter wille wees om die daarstelling van 'n wyer spektrum leksikografiese produkte moontlik te maak.

Wanneer die aanlyn omgewing optimaal benut word, kan daar vir elke woordeboek ook loglêers saamgestel word om aan leksikograwe 'n aanduiding te gee van die tipiese gebruikersituasie en die tipiese naslaanhandeling wat teikengebruikers in die woordeboeke uitvoer. Ook kan vasgestel word watter woorde in hulle woordeboeke gereeld deur die teikengebruikersgroep nageslaan word en watter nie. Met hierdie inligting beskikbaar, sal woordeboeke op 'n vernuwende manier aangepas word sodat hulle op die teikengebruikers se werklike leksikografiese behoeftes gerig is en nie volgens die leksikograaf se subjektiewe siening van wat in 'n bepaalde woordeboek moet verskyn, saamgestel is nie.

Dan sal Christo van Rensburg se versugting na 'n woordeboek wat slegs laegebruiksfrekwensiewoorde bevat, 'n werklikheid kan word.

Baie dankie.

## Bronnelys

### Woordeboeke

Anoniem 1902/1904. *Patriotwoordeboek/Patriot Dictionary*. Paarl: D.F. du Toit & Co.

Bosman, Daniël et al. (reds.) 1931<sup>1</sup> -1984<sup>8</sup> *Tweetalige woordeboek/Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

Botha, Willem (red.) 1951– *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Cawdrey, Robert 1604. *A Table Alphabeticall*. London: E. Weaver.

Changuion, Antoine 1844. Proeve van Kaapsch taaleigen. In: Changuion, Antoine: *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld*. Rotterdam: J. van der Vliet.

Gove, P.B. (Ed.). 1961. *Webster's third new international dictionary of the English language*. Springfield, MA: Merriam-Webster

Johnson, Samuel 1755. *A Dictionary of the English Language*. London: J. & P. Knapton, T. & T. Longman et al.

Jones, Kerry et al. (reds.) 2014. *Ju!'hoan Tsumkwe Dialect/Prentewoordeboek vir kinders/Children's picture dictionary*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.

Mansvelt, Nicolas. 1884. *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon met toelichtingen en opmerkingen betreffende land, volk en taal*. Kaapstad: Cyrus J. Martin.

Martin, Willy et al. (reds.) 2011. *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*. Houten: Prisma.

Pahl, Herbert (red.) 1989. *The Greater Dictionary of Xhosa*. Alice: University of Fort Hare.

ANW = <https://anw.ivdnt.org/search>

dict.cc = <https://www.dict.cc>

Cambridge = <https://web.archive.org/web/20190221225327/https://dictionary.cambridge.org/>

elexiko = <http://www.owid.de/wb/elexiko/start.html>

### Ander bronne

Bergenholtz, Henning. 2003. User-oriented Understanding of Descriptive, Proscriptive and Prescriptive Lexicography. *Lexikos* 13: 65-80.

Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.

Gallardo, Andrés (1980): Dictionaries and the Standardization Process. In: Zgusta, Ladislav (red.) *Theory and Method in Lexicography*. Columbia: Hornbeam Press, 5969.

Kaplan, Steven 2020. *A theoretical model for the preparation of an inclusive and bias-free expression dictionary*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Universiteit Stellenbosch.

Klosa-Kückelhaus, A. en Kernerman, I. (samestellers) 2022. *Lexicography and COVID-19 Neologisms*. Berlyn: De Gruyter.

Lawson, R. (2020): *Coronavirus has led to an explosion of new words and phrases – and that helps us cope*. <https://theconversation.com/amp/coronavirus-has-led-to-an-explosion-of-newwords-and-phrases-and-that-helps-us-cope-136909?>; last access: October 26, 2021.